BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# ELKEEN

## Deel 4: Elkeen, 'n Iewers

## Jesus se Opdrag

**Matteus 28:18-20** Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19] Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

---

## Jesus se Versekering

**Handelinge 1:8** Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

---

## God se Krag

**Handelinge 2:1-12** Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2] Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3] Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4] Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. [5] Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. [6] Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. [7] Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. [8] Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? [9] Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, [10] Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, [11] Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het." [12] Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"

**2 Korintiërs 4:4** Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.

**2 Korintiërs 4:6** God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.

**1 Korintiërs 2:14** Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.

**Handelinge 2:16-24** Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: [17] Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. [18] Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. [19] Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. [20] Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. [21] So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. [22] Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. [23] God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. [24] Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou.

**Handelinge 2:37-38** By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" [38] Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

**Handelinge 2:41** Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.

**1 Timoth 2:1, 4(NLT)** I urge you, first of all, to pray for all people…This is good and pleases God our Savior, who wants everyone to be saved and to understand the truth.

---

---

*Waar is my IEWERS?*

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*